

Die Uitgroei van Jong Ooie

Deur Abraham Landman, Produksie Adviseur Weskaap – Mei 2014

Hoe goed moet ‘n jong ooi versorg word van geboorte tot haar eerste lam? Peter Steyn van Malmesbury glo dat vanaf sy kan kruipvoer vreet totdat sy haar eerste lam(mers) gee, sy soos “kroon juwele” versorg moet word. Die resultate spreek van self op hierdie Swartland demo-plaas (sien foto) wat soms uitdagende somers – met uiterste temperature en lae reënval – kan bied.

Stelsel

Peter en sy familie boer al vir ongeveer 40 jaar op ‘n Koring/Medic stelsel en vertel ‘n storie van volhoubaarheid wat menige ander stelsels sal uitdaag. Die skaapvertakking werk as volg: die ramme word ongeveer 20 Oktober by die volwasse ooie, gemiddeld 69kg, gesit sodat hulle middel tot einde Maart lam. Die jong ooie wat dan Maart/April van die vorige jaar, gebore was, word ongeveer 22 Desember by die ramme gesit en lam dan einde Junie. Die ooitjies is goed uitgegroeи en in goeie kondisie en moet vinnig herstel en haar lam groot maak, want sy word in Oktober maand van daardie jaar weer gepaar (soms nog met die lam by haar) sodat sy in die volwasse ooie se siklus van “paar in Oktober” kan kom. Die jong ooie word gepaar met die minimum gewig van 47kg by paring. Die mikpunt is verder om in Augustus reeds te begin om lammers te bemark.

Die groepie ooie ter sprake is gebore April 2013 op stoppellande met ‘n bietjie medics beskikbaar. Die moeders van die lammers is 6 weke voor lam ‘n Multi Vax P en breë sprektrum wurmmiddel toegedien. Kruipvoer is op 3 weke nadat die eerste ooie gelam het uitgesit om die lammers se groei te verbeter en die druk van die lam op die ooi te verminder. Ooie word ook 6-8 weke voor lam geskeer, sodat die ooi beter reageer op die klimaat en skuiling soek vir haar en haar lam(mers) indien nodig. Lamtyd word addisionele voer gegee vanaf 4 weke voor lam wat ‘n mengsel is van ‘n Meadow pol (250g) asook 1.25kg eie voer gemeng (medic hooi, hawer, lupiene, vismeel, malasseemeel).

Speen

Peter speen die ram/hammel lammers op +-40kg en verskuif hulle dan na ‘n goeie of beste medic kamp. Ooi lammers word eers op 45kg gespeen waarna hulle ook na ‘n goeie kamp verskuif word en nogsteeds op die kruipvoer mengsel voortgaan tot die April van die volgende jaar. Ram- en ooilammers word altyd apart gehou. Die ooilammers word November ge”dose” vir neuswurm voordat hulle op die koring stoppellande gejaag word.

Addisioneel

Die paring van die jong ooie word effens anders benader. ‘n Hoë persentasie ramme (10-12%) word by die jong ooie gesit, asook ‘n kombinasie van jong en ou ramme. Ou ramme kom van die volwasse ooie af in hierdie stelsel en kan traag vertoon onder die jong ooie. Die jong ramme bring kompetisie wat altyd goeie reaksie lok.

Die ramme word ook vir 3 maande (10-12 weke) by die jong ooie gelos. Dit is hoofsaaklik om nie alle lammers gelyk te bemark nie, maar te versprei oor 3 maande. Die ramme word ‘n maand voor skandering uitgehaal.

Voeding tydens die uitgroei van die jong ooie kan dus nie oorbeklemtoon word nie, aangesien dit haar wol- en vleisproduksie (reproduksie) vir die res van haar lewe positief sal beïnvloed. Dit betaal om jou jong ooie te versorg. Die voeding van Peter se jong ooie met hulle 2de paring in Oktober

(nadat hulle einde Mei begin lam het) is kritis belangrik omdat hierdie jong ooie in Peter se stelsel ge"double clutch" word deur haar vinnig weer te paar om in siklus te kom.



Die Dohne-Merino ooie het middel Mei begin lam en met hulle goeie versorging as basis vir hulle produksie jare wat volg, kan dit net goed gaan. Welgedaan Peter. Kontak gerus die NWKV Adviesdienste se kantoor op Caledon (028-212 3160) indien julle met Peter in kontak wil kom.